# Kampkrummels

*Nuusblad van Streek Kiepersol van SAWA* *Beste Nuusbrief* *Jaargang 30, No 6 (153)* *Maart-April 2013*

# Koester Sawa met lekker kamp en nuwe bloed

**Johann Lemmer**

Die tema van die assosiasie waaraan ons behoort is vanjaar:

**Koester Sawa**
Ons organisasie is in sy 44ste bestaansjaar. Sawa skep vir ons maandeliks 'n geleentheid om met die minimum organisasie weg te kom van die daaglikse geharwar en gejaagdheid *(rat race)* en hare te laat hang en skoene uit te skop in die natuur langs 'n vuurtjie met lekker geselskap om die batterye te herlaai. So was dit oor al die jare en so wil ons hê dat hierdie voorreg ook ons kinders en kindskinders beskore moet wees. Daarom is die tema ui-ters gepas, ons moet Sawa koester en vir die nageslag behou en verseker.

**Lekker kamp**
Sawa se kernbesigheid is mense wat lekker kamp. Al die ander dinge is bysaak. Natuurlik is dit ook belangrik dat die strukture in stand gehou word. Daarom kan ons nie anders as om met groot waardering te dink aan bestuurs-lede op streek-, gebied- en nasio-nale vlak wat hulle tyd en kundig-heid vryelik beskikbaar stel om 'n raamwerk te skep waarbinne ons ons liefhebbery, vir baie selfs 'n stokperdjie, kan uitleef. Dit mag egter nooit Sawa se hoofbesig-heid word nie.

Drie Berge se pieke en rivier saam met laggende mense om die braaivleisvuur asook vrolike musiek en kuier by die Mandjie-dans. Dis mos lekker!

*Koestering*

**Nuwe bloed**
Om Sawa se hartklop gesond te hou is nuwe bloed nodig (kyk bl. 7). Is daar 'n beter manier om Sawa te koester as om besondere aandag aan sy gesondheid en veral sy bloeds-omloop te gee sodat daar tot in lengte van dae lekker gekamp kan word in 'n atmosfeer waar Christelike waardes deur kampeerders uitgeleef word. Daarom moet ons nie net praat nie maar ook doen deur nuwe, veral jonger, lede te werf en hulle so tuis te laat voel dat hulle nie eers sal oorweeg om die familiekring te verlaat nie. Gelukkig is Kiepersol se manier van doen 'n voorbeeld wat ook gekoester moet word.

## Lees binne . . .


| | |
|---|---|
| Oordenking | 2 |
| Sawa in breër verband | 2 |
| Redakteur in die breë | 3 |
| Kampnuus | 4 |
| Saamtrekdatums | 4 |
| Voorsitter sê | 5 |
| Fotoblad: Mandjiedans | 6 |
| Possak | 7 |
| Schalk gesels | 8 |
| Senior burgers | 9 |
| Jongklomp (tieners) | 9 |
| Sawa-kalantjies | 10 |
| Verjaarsdae, lief, leed | 11 |
| Thaba Monate | 11 |
| Fotoblad: Drie Berge | 12 |


## Kinders vang vis by Drie Berge



*Daar is vis in die Krokodilrivier, dis net skaars* - *Foto: Johann Lemmer*



# OORDENKING

## Paastyd is weer hier

*Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis* (Filip.2:8) *Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood* (Filip. 3:10)

Paastyd is die kruispunt van ons geskiedenis – die lewe voor en die lewe na Christus se versoeningsdood. Aan die kruis sien ons wat die Bose en die Liefde kan doen. Die liefde oorwin die kwaad die oomblik toe die Bose daarin slaag om Christus dood te maak. By die dood van die Skepper was dit of die natuur van skok geruk het. Die aarde het gebewe en duisternis het op die aarde toegesak. Toe het alles stil geword terwyl die hemel en aarde in spanning wag oor wat die uiteinde van die kruisdrama sou wees. Tussen Goeie Vrydag en Paassondag hang die mens figuurlik gesproke tussen die hemel en die hel. Dis 'n dag van meditasie waarin ons op die lyding en sterwe van Christus fokus.

**Hy't opgestaan, ja, Hy't waarlik opgestaan**
Op Paassondag slaak hemel en aarde 'n sug van verligting wanneer dit duidelik word dat Christus die reis na die dood terug na die lewe volbring het. En dit vir niks anders as om die lewe in jou are terug te blaas nie. Sy oorwinning oor die dood maak dit vir jou moontlik om op te staan en weer te leef. Laat jou groet aan almal wat jy teëkom op Paassondag 'n welluidende en duidelike boodskap wees: "Hy het opgestaan! Ja, hy het waarlik opgestaan! Ek weet want ek was dood en het weer lewendig geword. Hy het my uit die graf van sonde bevry! Halleluja!"

Gebed vir vandag
*Lam van God, gee dat ek ten minste een uur van hiedie Paasnaweek sal waak by my Verlosser. Blaas U asem oor my lewe sodat ek kan opstaan en leef. Amen.*

**Ds. Hennie Symington**

Breër verband

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*


## Tandartse by Elwierda Apteek

**Dr René Pretorius**
**Dr Tania Erikson**
**Telefoon: 012 653 6154**


SAWA KIEPERSOL

## Streekbestuur 2012-2013

**Voorsitter:** André Baker (083 409 3709) bakera@netactive.co.za
**Ondervoorsitter:** Ronelle King (084 444 8282) ronelle@hscenturion.co.za
**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com
**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za
**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za
**Addisionele lede:** Christa Bothma, Schalk Nolte, Lucille Vorster
**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

Die redakteur vra in die algemeen (Kiepersol is hopelik anders):

# Is die koek nie te dik vir nuwe lede nie?



*Johann Lemmer*

Daar is baie keer in Kampkrummels en ander Sawa-kommunikasiemiddels geskryf oor ledewerwing en ledebehoud. Oor die jare het Sawa-besture geworstel met die rede waarom veral lede wat minder as twee jaar by Sawa is verkies om nie meer lede te wees nie.

Veteraan Kiepersollid Christo van der Merwe het ook by meer as een geleentheid oor dié saak gepraat en geskryf. Christo was nasionale voorsitter en later president en gevolglik na aan die vuur waar die saak bespreek is. Nadat hy uitgetree het, het hy 'n keer by 'n Sawa-kongres oor die onderwerp gepraat. Nou het hy weer die pen opgeneem en sy brief kan op bladsy 7 gelees word.

Dit sluit baie nou aan by 'n bydrae wat 'n tyd gelede in SAWANANT verskyn het en deur die destydse voorsitter van streek Wapadrand, Wilhelm Lombard, geskryf is. Hy het dit ook gehad oor hoe moeilik dit vir nuwe lede moet wees wat pas tot die geledere van Sawa toegetree het, veral as hulle sonder ander bekendes saamtrekke moet bywoon.

Ek kan ook uit ondervinding praat. Ons is in 1981 deur mense wat nie gereelde kampeerders was nie genooi om by Sawa aan te sluit. In daardie jare kon ons met vier jong kinders wat op 'n stadium in vier verskillende skole was en elke naweek verpligtinge gehad het, bitter min kamp. Dit was net oor langnaweke en by uitsondering by ander geleenthede wat ons by kampe uitgekom het. Ons het egter baie in die kamplewe belanggestel en gereeld Kampkrummels gelees. So het dit gebeur dat ons in die eerste 12 jaar net vyf kampe bygewoon het (nou al 230). Dit het vasbyt gekos om as lede aan te bly omdat elkeen maar sy eie gang gegaan het en hulle nie veel aan ons gesteur het nie. Ons ondervinding was dat dit baie sleg is om eensaam in die 'Sawa-familie' te wees.

Hoekom praat ek hieroor? Dis presies waaroor Christo op bladsy 7 skryf en Wilhelm hom soos volg uitgelaat het:

"Tydens die afgelope kongres te Buffelspoort was dit net weer vir my opvallend hoe 'n hegte familie ons SAWA-mense is. Mense uit verskillende gemeenskappe en omgewings is in SAWA saamgesnoer as vriende. Ons voel veilig bymekaar, ons praat dieselfde SAWA-taal, en ons dien dieselfde Here. Dis wonderlik!

Ongelukkig (miskien afhangend van streek tot streek) is dit iets wat jy net ontdek wanneer jy besluit om deel te word van SAWA. Jy ontdek hierdie wonderlike samehorigheid eintlik eers nadat jy so 'n hele paar keer saamgekamp het. Ek wil dit amper kategories stel dat dit feitlik onmoontlik is om deur hierdie "barrier" te breek as jy nie reeds familie of baie goeie vriende binne SAWA het nie. Jy het voorwaar moed en deursettingsvermoë nodig om dit te doen. Ek sê dus hiermee dat ek dink dat dit baie moeilik is vir mense wat nog nooit voorheen met SAWA te doen gehad het nie, om werklik in te kom en deel van SAWA te word. Miskien is dit waarom ledewerwing so moeilik is. Baie besoekers word genooi maar dit is net te moeilik om die "prys te betaal" om lidmaatskap op te neem. 'n Verdere bewys is dat alhoewel baie mense wel lede word, hulle in baie gevalle nooit weer kamp nie.

"Die vraag is: Is die koek nie te dik nie? Is ons hegte band nie dalk so selfgerig dat ons onsself daarvan weerhou om uit te reik nie? Want as dit die geval is gaan ons stadig maar seker kwyn in getalle. Is hierdie bogenoemde verskynsel nie dalk die rede waarom SAWA oor die afgelope jare steeds sukkel om die 2000 lede merk te haal nie? *(die ledetal het sedertdien tot onder 1500 teruggesak -Red.)*. Wat is die eerlike, ware, realiteit? In Wapadrand het 47% van ons lede glad nie in 2006/2007 gekamp nie. Ek wil nie 'n analise van die hele SAWA doen nie maar ek wonder maar net hoeveel van die amper 2000 lede kampeer nog hoegenaamd. Sjoe, dit laat mens nogal ongemaklik voel.


"Is dit nie nou die tyd om iets daadwerkliks te doen om die bestaan van hierdie besondere organisasie te verseker nie? Ek sou bitter graag wil hê dat my kinders en kindskinders ook eendag deel van so 'n organisasie moet wees. Ons moet dus iets doen om dit vir mense meer toeganklik te maak om deel van SAWA te word. Dit gaan egter nie bereik word met laer ledegelde en allerhande mooi gevleuelde woorde nie, maar met die regte GESINDHEID teenoor veral nuwe lede."

Dit was vyf jaar gelede. Quo Vadis?



**Koester**
**Kiepersol**

# Lekker Kampnuus



## Kamp langs die Krokodil-rivier (met 'n krokodil)

**Frank en Hettie Smith (kampkommandante)**

Ons het die naweek van 22-24 Februarie by Drie Berge-oord gekamp. Daar is meer as een roete om te volg om by kampplekke in die Brits-omgewing uit te kom. Weens die toestand van die paaie word daar maar deesdae goed gedink oor watter roete om te volg. Daar is gewoonlik nie 'n tekort aan insette oor watter roete gevolg behoort te word nie. Ons het ten einde laaste besluit om maar die roete deur Brits en verby die Hoërskool Wagpos te volg.

Die probleem wanneer 'n mens eerste by 'n kampterrein aankom is dat daar so baie beskikbare staanplekke is en gewoonlik kies jy die verkeerde een. Lae boomtakke beperk ook jou keuse, maar as bepaalde tuingereedskap saamgery word, word die probleem gou opgelos. Ewenwel, spoedig het die ander kamppeerders opgedaag en teen laatmiddag was almal geholpe met 'n staanplek. Toe begin die oor en weer gekuier oor 'n koppie koffie of tee of iets heelwat sterker.

Die aand het ons die gebruiklike boekevat saam met Bosveldstreek gehou en daarna het ons in groepies vergader om aandete voor te berei. Alhoewel die ablusieblok maar kleinerig is, het ons almal darem skoon gekom. Wens net die storthokkies was daardie aks groter. Party van ons het maar gesukkel om die draai van die aantrekhokkie na die stortkop te maak.

Saterdag se boekevat is die oggend gehou waarna 'n 'brunch' gemaak is. Aangesien ons redelik verspreid gestaan het, het ons saam met die bure ontbyt voorberei. Die koeltekolle het bepaal saam met wie jy voorberei en geëet het. Die dag is verder by die swembad en langs die rivier deurgebring. Sommiges het selfs hul geluk met visvang probeer. Ons is gewaarsku dat 'n krokodil 'n maand of drie gelede op die oorkantste oewer reg oorkant die kampterrein opgemerk is en dat ons liefs uit die rivier moes bly en ook nie in die aand op die oewer moet wees nie. Die aand is daar weer saam met die bure gebraai (nie op die oewer nie). Ons groepie was gelukkig om Schalk Nolte naby ons te gehad het en hy het heerlik musiek gemaak.

Sondag het ons saam met Bosveldstreek kerkdiens gehou waarna daar weer heerlik onder die bome gekuier is. 'n Laat ontbyt is gemaak en traag is daar opgepak en huiswaarts gekeer.

(Baie dankie aan die kampkommandante wat dit 'n lekker naweek gemaak het -Red.)

# Saamtrekdatums

## Saamtrekke vir 2013

**29 Maart: Presidente**
**Seniors vanaf Dinsdag**
**R150 per nag plus plaatjiegeld**
**Bespreek by 011 918 0699**

**12 April: Thaba Monate**
**Kamp saam met viertrek-groep**
**Navrae: Willem Nordejé (082 887 1090)**

**26 April: Hartbeeshoek**
**Bespreek by Ina vd Berg (081 270 8267)**

**24 Mei: Sitrusfees (Buffelspoort)**
**Beperkte staanplekke**
**Bespreek by Ina vd Berg (081 270 8267)**

**14 Junie: Nasionale Winterkamp**
**Forever Resorts Bela Bela (Warmbad)**
**Bespreek by Juliana, Sawa-kantoor**
**011 918 0699**

**22 Junie-29 Junie: Wildtuintoer**

**26 Julie: Manyane-kuierkamp as gaste van Bosveld**
**Seniors (en ander) reeds vanaf 22 Julie**
**Tarief R125 per nag (ook vir naweek)**
**Plus plaatjiegeld**
**Beperkte staanplekke, skakel Ina**

**23 Augustus: Klein Paradys (AJV)**
**Teken nou al hierdie datum aan om Kiepersol se 30ste verjaardag te vier en die belangrike Algemene Jaar-vergadering by te woon**

**24 Augustus: Seniortoer na Golden Gate**

**13 September: Nasionale Saamtrek Koppisol**

Die Voorsitter sê

# Nog twee gesinne word deel van die Kiepersolfamilie

**André Baker**

Streek Kiepersol het weereens my stoutste verwagtinge oortref met ons saamtrek by Drie Berge en die Mandjiedans. By die kamp was 22 woonwaens waaronder drie besoekers. Dit was lekker om almal daar te sien en veral ons gaste naamlik Johann en Petro van der Ende, Rudi en Yolande Louw (oud-Sawanante wat weer aangesluit het) en Willie Cloete-hulle van streek Olifantsrivier. Ons het die oord ook met streek Bosveld gedeel en ons lede het lekker oor en weer gekuier en geleenthede bygewoon. Aan almal baie dankie, dit was 'n baie aangename kamp en ek glo almal het dit geniet al het ons so bietjie wyd gestaan.

**Mandjiedans**
Die Mandjiedans het 'n vol saal gelok. Dit was 'n lekker sosiale geleentheid waar lekker gekuier en geskoffel is. Dit was ook ons jaarlikse fondsinsamelingsfunksie, die 'swaar' wat met lekkerkry klaargekry is (Langenhoven). Benewens Kiepersollede was daar ook lede van streek Wapadrand teenwoordig. Die gebiedsvoorsitter, Martin Rix, sy vrou Tertia asook ander bestuurslede en hulle gades van die gebied Jakaranda het ook die geleentheid bygewoon (die sekretaris, Johann Lemmer en senior burgerkoördineerder, Johanna en oud-voorsitter, Pieter van Biljon). Dit was voorwaar 'n heuglike samekoms.

Ek maak ook van die geleentheid gebruik om die hoof van die Hoërskool Centurion (en die beheerliggaam) te bedank vir die gebruik van die skoolsaal en fasiliteite. Almal wat gehelp het met die voorbereiding van die saal en ook die opruiming daarna, die maak van die vure en Musiekvermaak se Schalk Nolte word ook hartlik bedank.


*Streekvoorsitter*

**Presidente**
Ons volgende kamp is die tradisionele Presidente-saamtrek wat oor die Paasnaweek vanaf 28 Maart tot 1 April by Klipdraai plaasvind. Die gebruiklike senior burgersaamtrek word vooraf vanaf Dinsdag die 26ste Maart gehou. Dis 'n mooi oord soos blyk uit KampXtra wat deur die redakteur uitgestuur is. Ek doen graag 'n beroep op almal wat nog wil gaan om so spoedig moontlik met die SAWA kantoor (011 918 0699) in verbinding te tree.

**Thaba Monate 4x4-saamtrek**
Dan vind ons eerste 4x4 naweek van hierdie jaar te Thaba Monate plaas die naweek van 12-14 April. Ek doen weer 'n beroep op al ons lede wat 4x4 entoesiaste het as vriende en familie om hulle uit te nooi om saam te gaan kamp. Bespreek by Willem Nordejé (082 887 1090 of by sy e-posadres asseblief: willem.nordeje @nsn.com).

**Sitrusfees**
Nog 'n lekker saamtrek is die jaarlikse situsfees wat by Buffelspoort plaasvind. Streek Roodekruin organiseer die saamtrek hierdie jaar. Hennie Ferreira het vroeg reeds 21 staanplekke bespreek. Die koste is: Staanplekke waar alleen op gestaan word bedra R550 vir die naweek; staanplekke waar lede bereid is om te deel is R400 per woonwa vir die naweek. Tans het ek 11 name van lede wat wil gaan maar ons sal spoedig moet weet wat die finale getalle is. Diegene wat wil gaan kamp moet asseblief so spoedig moontlik met Ina van den Berg of met my in verbinding tree sodat ons hulle name op die lys kan plaas.

**Wintersaamtrek**
Neem ook kennis dat die winterkamp wat by Bakgatla sou plaasvind na *Forever Resorts* Warmbad verskuif is (14-17 Junie 2013). Die koste vir die drienaglangnaweek is nou R840 wat die gebruik van die onderdak swembaddens asook ander fasiliteite insluit. Doen asseblief die besprekings direk by die Sawa-kantoor (011 918 0699).

**Nuwe Lede**
Kiepersol was die afgelope ses maande die enigste streek in die gebied Jakaranda wat 'n positiewe groei in ledetal getoon het. Teen hierdie agtergrond is dit aangenaam om nog twee gesinne in ons geledere te verwelkom naamlik Rudi en Yolande Louw (oud-Sawanante) asook Johann en Petro van der Ende. Mag julle lank en lekker deel wees van die Sawa-familie en vele lekker kampe beleef.

**Ter afsluiting**
Ek sluit graag af met Romeine 14:19: *"Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder"*

Kiepersolgroete

André

## Hartbeeshoek
*Kamp saam in dié natuurreservaat naweek van 26 April*
*Bespreek by Ina: 081 270 8267*

# Ons kuier lekker en geniet vrolike Mandjiedans



*Voorsitter André Baker saam met Willy Lubbinge en Jannie van den Berg*



*Musiekvermaak se Schalk Nolte (regs) het gesorg vir lekker musiek. Saam met Marianne e.a.*



*Charlie King wissel 'n woordjie met Willem Nordejé*



*Tannie Lettie Leach (voor) saam met Mieke en Chris Pienaar en Hennie Ferreira e.a.*



*By Willem en Maria Nordejé se tafel was daar baie jongmense*

**Foto's deur Johann Lemmer**



*Stef en Marthie, Lenie, Marie, Janetta, Willy, tannie Lettie en MC de Swardt*



*Magriet Baker saam met Chantal en ander jongmense wat die geleentheid baie geniet het*



*Martin en Tertia Rix (middel) saam met ander gaste van streek Wapadrand*



*Piet en Johanna van Biljon, Martiens en Bets Joubert, Dianne en Mike du Preez asook Hettie Smith*



*Hannie Ferreira, Magriet Baker en Ronelle King in 'n vrolike luim by die mandjiedans*



*Ronelle en Charlie King saam met Christa en Henco Bothma (regs) asook Bennie Oosthuizen e.a.*



*Hier staan die manne om Charlie King se vuur met braaivleis sissend op die kole*

Lede is die hartklop en finansies die bloedsomloop

# Om gesond te bly moet lede gewerf en behou word

***So skryf Christo van der Merwe in die brief hieronder***

## POSSAK

VOX POPULI



Die artikel oor die oop NUB in Kampkrummels van Februarie 2013 het betrekking.

Eerstens wil ek die bestuur van Kiepersol en al die lede gelukwens met die groot prestasie om die enigste streek in die gebied Jakaranda te wees wat 'n positiewe groei toon. Dit toon duidelik dat die onderlinge verhouding tussen lede en ook die lede en bestuur goed is. Welgedaan!

Ledewerwing! Ek dink dat ledewerwing en finansies die belangrikste twee items op enige nasionale SAWA-vergadering se agenda is. Vir my is lede die hartklop en finansies die bloedsomloop en om die hartklop gesond te hou moet lede gewerf word.

Dit is ongelukkig so dat daar SAWA streke is waarvan die lede doodgelukkig is om 'n rustige samesyn vriendekring te wees en geen aandag aan ledewerwing gee nie. Hierdie houding is die doodsteek vir enige organisasie. Veral in moeilike ekonomiese omstandighede, soos wat ons nou beleef, behoort elke Sawanant 'n aktiewe ledewerwer te wees.

Maar met my ervaring op streek- en nasionale besture het daar vir my een saak al hoe sterker na vore getree en dit is ledebehoud.

Ek het nie die nuutste SAWA-statistiek voor my nie maar as ek na ons streek se lidnommers kyk dan trek dit al oor 13 000, wat beteken dat in SAWA se bestaan is daar al meer as 13 000 lede gewerf. 13 000 gesinne het genoeg in SAWA belang gestel om aan te sluit. 'n Mens sluit vrywillig by so 'n organisasie aan, iets trek jou, iets laat jou besluit "ek wil deel daarvan wees"!
Maar die koue waarheid is dat ons op die oomblik net 'n rapsie minder as 1 500 gesinne landswyd is wat aan SAWA behoort! Wat het van die ander 11 500 gesinne geword? Ek besef maar al te goed daar is sterftes, siektes, werksomstandighede, finansiële omstandighede en verskeie ander. Kon sulke omstandighede werklik 11 500 gesinne genoop het om SAWA te verlaat? Kom ons veronderstel dat 50% van daardie 13 000 ingeskrewe lede is deur een of meer van bogenoemde omstandighede gedwing om te bedank, dan is daar nog 6 500 gesinne oor. SAWA kon dus met gewone werwingsaksies vandag meer as 6 500 gesinne as lede gehad het. Wat het van hulle geword? Hoekom het hul "ek wil deel daarvan wees" verdamp? Wat het hulle van plan laat verander?

'n Ontleding wat ek enkele jare gelede vir die Kongres gedoen het, het aangedui dat die meeste bedankings of nie-hernuwings plaasvind binne die eerste 3 jaar van lidmaatskap. Ek vermoed dis tans nie veel anders nie. Vir my is die kernvraag dus: Waarom stel gesinne aanvanklik in SAWA belang, en wat laat hulle later belangstelling verloor?

Ek dink 'n mens moet begin by die begin om die probleem dalk te identifiseer. Dink aan die eerste keer toe jy 'n SAWA-saamtrek bygewoon het. As jy nie saam met vriende daar aangekom het nie, moes jou gesin hulle self tuismaak tussen 20-25 vreemde gesinne wat mekaar goed ken. Dit vat wilskrag en selfvertroue! Ek en Martie was gelukkig, ons het saam met vriende begin kamp: Kobie en Hester Coetzee en Buks en Meisie van der Craght. En dan was daar die vier "kwaai tannies" van Verwoerdburg, tannie Lettie Leach, tannie Barbara Pienaar, tannie Ans Blignaut en tannie Anna Rall, wat jou maklik aangespreek het as jy nie ordentlik kom groet het nie, vreemd of te not! Dit alles het gehelp om jou baie vinnig in te burger.

Maar is dit nie dalk waar ons moet begin soek na die probleem nie? Hoe tuis laat ons nuwelinge in ons groepie voel? Daar is die amptelike verwelkoming, dis goed so, maar wat gebeur daarna? Doen ons werklik moeite om nuwelinge deurentyd te betrek of is dit "die bestuur se werk"? Gaan haal ons as gewone lede die nuwe gesin en laat hulle by ons in ons vriendekring braai of gesels? Ek glo die saadjie of 'n gesin gaan aanhou of ophou, word hier gesaai.

Ek het al vantevore bepleit dat, net soos sekere ampte op streekbesture vas is (voorsitter, ondervoorsitter, ens), behoort elke streek 'n "nuwelinge voog" te hê. Hierdie persoon (of eerder gesin) se taak sal wees om vir die eerste 3-4 saamtrekke na nuwelinge om te sien. Daag, indien moontlik, saam met hulle by die saamtrek op, kamp saam met hulle, sien toe dat hulle orals deel van die groep is. In goeie Afrikaans: *"wet nurse"* hulle.

Maar, en dis 'n groot "maar", Kiepersol doen iets reg! Kiepersol is van sy Verwoerdburgdae af 'n voorslagstreek en hier word dit weer bewys! Ek dink regtig Kiepersol se bestuur en die lede moet 'n bietjie met mekaar gesels oor die wyse waarop hulle nuwe lede hanteer. Dalk het Kiepersol-streek vir SAWA-nasionaal se probleem die regte oplossing!

Mooi loop en veilig sleep!

**Christo**

*(Lees ook of die koek te dik is op bladsy 3 –Red.)*

# Schalk gesels met nog twee nuwe Sawanante

Die naweek by Drie Berge was heerlik so in die vrye natuur. Aan die een kant ruis die Krokodilrivier verby, aan die anderkant toring berge die lug in, en tussen die twee is daar bome waaronder mens kan skuil teen die genadelose hitte van bo af. En warm was dit gewis, met temperature wat so rondom 35 - 36˚C gehuiwer het. Die krokodil wat ook daar was, het gelukkig weggekruip. Daar was egter nie reën, soos by Klipdraai, wat elke namiddag welkome lafenis gebring het nie. Tussen twee sleepvoertuie, en onder 'n lowergroen boom het ek weer bietjie gesels met twee Kiepersollede wat redelik nuut is, maar alreeds hulle voete gevind het.

Sy is in Pretoria gebore as die oudste van vier eie kinders, en een aangenome suster. In sy beroep het haar pa gedurig mense "geplant", maar sovêr hulle weet, het nie een van die wat geplant is, ooit opgekom nie. Wat dit betref, was AVBOB nie 'n baie suksesvolle boerdery nie! Ewenwel, so tussen die plantery deur is sy na die Laerskool Voorpos in Waverley, en later na die Hoërskool CR Swart. Op so twaalfjarige ouderdom het sy saam met haar ouers met die kamplewe begin kennis maak in hulle Simpson opvoukaravaantjie. Haar hoërskool-lewe het nou nie juis oorgeborrel van opwinding nie, maar sy onthou een wedervaring baie goed. Omdat sy maar klein gebou was, het die skoolseuns haar eendag gevra om te probeer kyk wat aangaan agter die klein toe deurtjie onder die skoolsaal se verhoog. Terwyl sy daar binne was, maak die kwaai gimnastiek-onnie egter skielik ongenooid sy verskyning in die saal, en die seuns maak toe vinnig die deurtjie agter haar toe, en maak hulle uit die voete, voordat die onnie ongemaklike vrae kon begin vra. Daar sit sy toe in die stikdonkerte vir 'n volle periode lank, en volgens haar was dit waar sy geleer bid het! Gelukkig kon sy later die onderwyser wie se klas sy gemis het, oortuig dat sy wel daar was, en dat hy haar om een of ander rede net nie opgemerk het nie!


Dinge het vir haar egter bietjie meer opwindend begin raak gedurende een vakansie by Amanzimtoti sonder die opvoukaravaan, maar in 'n woonstel. Sy was vinnig op pad van die strand af woonstel toe in haar eina-eina bikini, en toe klim daar 'n wolf saam met haar in die hysbak. Hy het haar so op en af staan en bekyk en seker sy tyd afgewag om aan te val! Toe kom hy agter dat sy eintlik in die woonstel langs hom tuisgaan, so hy moes maar net geduldig wees. Hy vind toe uit sy en haar maats speel saans speletjies op die strand, en hy het natuurlik begin saamspeel. Later het hulle saans-saam op die wit sand geloop, en toe kom sy skielik agter sy is eintlik bang vir die paar krappe wat ook daar mag rondloop, en toe moes hy haar abba, elke aand tot in die Wimpy, en dan straatlangs terug. So het hulle oor en weer begin kuier, met of sonder krappe!

Haar oom wou haar intussen egter ook aan iemand anders voorstel – 'n "appy" wat saam met hom in Vanderbijlpark gewerk het. Haar pa wou egter niks daarvan weet nie, want "appy's" is gevaarlike goed! Hierdie "roffie" met sy lang hare, help-my-sterk-lyk T-shirt, denim langbroek en kaalvoete met wie sy nou uitgaan, is darem beter as niks, maar 'n "appy"! Nooit as te nimmer nie! Sy, haar pa en haar ou van die see gaan toe eenkeer saam met haar oom na 'n troue toe. Toe sien haar oom haar ou is eintlik die "appy" aan wie hy haar wou voorstel! Haar pa moes toe maar ruiterlik erken dat die "roffie" toe nie 'n te slegte "appy" uitgemaak het nie! Kom ek vertel julle bietjie meer van hierdie "appy".

Hy is in Vereeniging gebore, was later in Peacehaven laerskool, en later in die Vaalrivier en Transvalia hoërskole in Vanderbijlpark. Hier het hy in 'n kranige rugbyspeler ontwikkel, en omdat sy pa nie wou hê hy moet rugby speel nie, het hy nie daarvan geweet nie, hy het altyd gedink sy seun oefen kadette! Na skool het hy sy vakleerlingskap in Vanderbijl gedoen en het altyd 'n string meisies gehad totdat hy eendag op die regte tyd in 'n hysbak in Amanzimtoti ingestap het. Toe moes hy meisies afsê dat dit bars! Sy motor was 'n Mini Cooper S sonder 'n veerstelsel. Hy moes altyd sy deur vir haar oopmaak omdat die ander deur nie gewerk het nie. Nadat sy dan booor sy sitplek geklim het tot bokant die gat wat eens op 'n tyd 'n vloer was, moes sy met haar bene kuis teen mekaar opgetrek stelling inneem teen die deur wat nie kon oopmaak nie! Op pad moes sy nog die lang rathefboom ook in ag neem.

Hulle het 'n jaar uitgegaan, was daarna agtien maande verloof, en in September 1977 is Johan Kok (Kokkie) en Leonie getroud. Hulle het twee dogters, Veronica en Liza. Veronica het twee kinders en woon tans in Australië, en hulle gaan op 12 Maart daar vir hulle kuier. Liza is gestremd en woon in die Paul Jungnickel-tehuis.

Kokkie en Leonie se eerste kamp by Kiepersol was in 2012 by Nkwe nadat Christa Bothma hulle genooi het. By hierdie eerste kamp het Kokkie dadelik aandag getrek met die pak klere wat hy aangehad het, nie omdat hy maar altyd so aantrek kamp toe nie, maar omdat hy so pas van 'n begrafnis af gekom het! Drie Berge is hulle derde kamp. Hulle glo dat die belangrikste goed in jou lewe nie met geld gekoop kan word nie, dit het Liza se gestremdheid vir hulle geleer. Haar omstandighede het ook vir hulle geduld geleer. Soos Felix Adler sê: *"To care for anyone else enough to make their problems one's own, is ever the beginning of one's real ethical development".*



Seniors

# Koste: Hoe kan ons bly kamp?


**Frank Smith**

Ek sit nou die dag so en luister na die begrotingsrede van die Minister van Finansies. Wat baie duidelik is is dat die ekonomie nie na wense presteer nie. Weet dit al lankal, dit verg nie vreeslike geleerdheid om dit te begryp nie. ‘n Paar sakies uit die begroting raak ons almal en ons as pensioenarisse in die besonder, soos die verhoging van heffings in die brandstofprys soos vir die Padongelukke-fonds asook aksynsbelasting op brandstof. Voeg hierby nog die drastiese verswakking in die wisselkoers van die Rand, die styging in die prys van ru-olie, en die styging in kamp- en tolgelde. Al hierdie faktore beïnvloed ons vermoë om op ‘n gereelde basis te gaan kamp. Wat die saak verder kompliseer is dat baie van ons net die kapitaal het wat met aftrede aan ons oorbetaal is en dat ons self in die mark moet woeker om groei te bewerkstellig. Ons kry geen jaarlikse verhogings van ons vorige wergewers nie.

Is daar ‘n oplossing - want ons wil nog steeds kamp? Onlangs gesels ek met ‘n gereelde woonwakampeerder wat nie lid van ‘n klub of vereniging is nie en ook nie lid wil word nie. Hy deel mee dat hulle vier gesinne is wat op ‘n gereelde basis, minstens elke tweede maand, vir ‘n midweek gaan kamp. Hy verwys na hulle as die “Bond van Midwekers”. Hulle het onlangs by ‘n woonwapark waar ons binnekort gaan kamp van die Sondag- tot die Donderdagaand oorgebly teen R400-00, dit wil sê R80-00 per aand. Aangesien die park die naweek baie staanplekke oop gehad het, kon hulle die Vrydag- en Saterdagaand ook vir R80-00 per nag oorbly. Ons gaan as streek by dieselfde woonwapark R420 per woonwa betaal vir die naweek.

Deur vir ‘n midweek te gaan kamp kry ek dieselfde getal nagte as twee naweekkampe. Tolgeld en vervoeruitgawes is dieselfde vir ‘n midweek as vir ‘n naweek, maar ek kamp langer en gaan minder ry as ek dan slegs soos my vriende hierbo elke tweede maand gaan kamp. Die nadeel is dat so ‘n wyse van kamp moontlik die pensioenarisse en die gewone lede van mekaar mag vervreem aangesien hulle nie meer so gereeld saam sal kamp nie. As ek let op die huidige tendens is daar egter so baie lede wat om een of ander rede nooit kamp nie, al word hulle ook op verskeie maniere uitgenooi, dat daar in elk geval baie “vreemdelinge” vir mekaar in streke is. Elkeen sal egter die een of ander tyd vir homself moet besluit wat hy wil doen. Daar is selfs persone wat vir ‘n maand by ‘n bepaalde woonwapark staan teen ‘n bekostigbare tarief. As ek na my persoonlike omstandighede kyk weet ek wat ek gaan doen.

jongklomp



# Tieners dra glo klere met bekende etikette om ‘in’ te wees

Etikette is gewis vir 'n groot groep jongmense 'n manier om hulself uit te druk. Dit is die mening van dr Denise Björkman, 'n voorkomskonsultant van Johannesburg. Dit is veral vir die tieners baie belangrik om die "regte" etiket te dra soos, Benetton, Levi, Sissy Boy, Nike, Jeep, Gucci, Louis Vuitton en Adidas.

Tieners dra dus bekende etikette om "in" te wees. As jy die "regte" keuses doen en dus deur middel van jou etiket 'n aanvaarbare nommer in die skare word, lyk jy sommer "nommerpas" in jou kleurvolle, modieuse T-hemp en kleefbroek. Só word jy glo deel van die sukses wat deur 'n bepaalde etiket uitgestraal word. Altans, so gló baie mense.

Déélwees van die "in"-groep se modes speel dus ‘n groot rol by tieners se klere-keuses.

Maar is kwaliteit noodwendig gekoppel aan 'n erkende etiket? "Dít word deur die draer van die kledingstuk (subjektief dus) beoordeel. Gestel 'n etiket het 'n Franse naam, sal party mense om dié rede geneig wees om dit te koppel aan kwaliteit, sonder dat daar noodwendig 'n verband is," sê dr. Björkman. Só ook moet daar beslis 'n onderskeid getref word tussen die etiket-neiging wat ons oorgeërf het uit Europa en dié wat uit Amerika kom. In Europa word dit eerder gekoppel aan kwaliteit wat, volgens baie, saamhang met die regte etiket. In Amerika praat etikette eerder 'n taal van "ek behoort". In Suid-Afrika hou sekere groepe van kwaliteit-etikette. Pringle is een van hul gunstelinge omdat dit gereserveerde kwaliteit uitstraal. Maar terug na die bloeitydperk van etikette in Suid-Afrika.

"Die neiging het ontplof in Suid-Afrika met die opbloei in die advertensiewese in die jare tagtig. 'n Studie het getoon dat voormalige koloniale lande soos Suid-Afrika geneig is om liewer klere met etikette soos Gucci te dra as wat byvoorbeeld die geval is in die land waar die etiket ontstaan het (in dié geval Italië). Raar maar waar!

- Margie van Wyk

Storiewerf vir kleuters

# Sawa Kalantjies

## Elke Prinses kry haar dag

Een dag lank lank gelede was daar 'n baie kwaai prinsessie. Haar naam was Aster. Sy het twee baie oulike stiefsusters gehad, Karlien en Heide.

Aster was baie onvriendelik en het nooit in die huis gehelp nie, sy het net heeldag gesit en mooi lyk.

Die koning hou vanaand 'n groot bal vir sy seun, die prins, om vir hom 'n vrou te kies.

"Ek het tweeuur 'n afspraak met mý goeie feë, ek hoop sy het 'n paar nuwe toorkunsies geleer, want ek is regtig moeg vir dieselfde tipe rok wat sy elke keer vir my toor!" kla Aster terwyl sy op haar bed lê en dromerig by die venster uitkyk. "En buitendien, as ek die prins wil hê sal ek regtig mooi moet lyk, nou nie dat ek nie mooi is nie. Ek is seker hy gaan my vanaand raaksien!"

Karlien en Heide is al moeg om te hoor hoe sy die prins gaan kry.

"Net jammer die prins het nog nie een keer vir haar gekyk nie!" fluister Karlien in Heide se oor. Hulle giggel en Heide sê, "Ja, hy is mos agter daai mooi enetjie aan...wat is haar naam?"

"Wat sê julle? Ek hoop nie julle praat van my nie?" Aster het haar nou vervies omdat hulle nie aan haar aandag gee nie. Sy sit glad regop.

"Niks nie! Ontspan sus... Jy moet reg maak, jóú feë kom amper!"

"Gaan julle my nie help reg maak nie? Hoe op dees aarde dink julle moet ek dit nou self doen, huh?" Aster kyk haar sus-ters aan asof sy iets baie sleg ruik.

"Nee wat man, jy kan dit mos self doen."

"Ekskuus?" Karlien en Heide



hoor Aster se gevaarlike stemtoon en besluit maar om haar te help.

Die feë verskyn met 'n harde geluid in Aster se kamer. Aster val amper van die bed af toe sy die slag hoor. Die feë is bietjie laat. Sy skud die stof van haar koddige lyfie af. "Ag, uiteindelik, ek dog jy gaan nou nooit meer kom nie. Kom, kom, kom. Laat ons begin... Ek hoop jy het nuwe goed geleer, ek is moeg vir die oues." Aster klink vies.

Die feë rol haar oë vir Aster, maar só dat sy dit nie sien nie, sy haal haar towerstaffie uit en gaan sit op die bank."

Deur tannie Liza (word vervolg)


ALMA haarsalon

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

**ELWIERDA APTEEK**
Elwierda@mweb.co.za
Noodnommer 082 460 0162

**Kom maak kennis en kry:**
- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

**Elwierda Apteek**
Koedoestraat 184 Wierdapark

**Telefoon** 012 653 6153 012 653 6172

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***

**APRIL**

01 Christa Bothma
02 Delrich van Biljon
02 Willie Bronkhorst
05 Willie Kruger jnr
06 Whitey van Heerden
08 Pieter Hanekom
09 Ina van den Berg
09 Marco Prinsloo
09 Daneel Kruger
10 Erna Lubbinge
13 Seef Delport
18 Edward Whelan
19 Louwtjie de Jager
21 Lenie Lubbinge
22 Riaan de Swardt
23 Ina Erasmus
24 Ronèl Whelan
26 Ewan Bosch
27 Joyce Wilsenach
28 Enrico Zietsman
29 Hendrik van Huyssteen

**MEI**

02 Elize Vorster
03 Thea Lewis
03 Guillaume Jordaan
04 Everdt Combrinck
06 Lettie Leach
06 Willie Olivier
08 Jaco van Huyssteen
09 Willem Blignaut
09 Ilze van Huyssteen
10 Bets Joubert
14 Livia Lemmer
19 Theunis Botha
24 Amanda Pretorius
25 Pierre de Villiers
25 Magriet Baker
29 Hester Wessels

## Allerlei-tafel by Presidente

Die senior burgertafel benodig handwerk, babaklere, speelgoed en enige iets wat te koop aangebied kan word. Daar is ook 'n behoefte aan baba-artikels. **Navrae** kan aan Johanna van Biljon (senior burger koördineerder) gerig word by 082 574 6904

## Presidente-saamtrek by Klipdraai

28-31 Maart (seniors vanaf Dinsdag)

### Roete

Ry met N1 Suid en neem N3. Draai af op R59 (rigting Vereeniging). Neem Verwoerdweg-afrit (anderkant Engen Blokhuis). Draai links by stopstraat. Gaan onderdeur brug tot vierrigtingstop en draai regs in Viljoenlaan. Gaan oor volgende stopstraat en draai regs in Jeanlaan tot by die Klipdraai-oord se ingang naby die T-aansluiting.

**Kermis Boeresport Kunstenaars Pret**

## Seniors se uitstappies

Kiepersol se senior burgerverteenwoordigers, Frank en Hettie Smith, beoog 'n hele paar uitstappies waarheen senior burgers, en enige ander person wat beskikbaar is, hartlik uitgenooi word. Daar word vir seker ook tee gedrink en iets geëet. Meer besonderhede sal later beskikbaar gestel word.

- 9 Mei: Besoek aan papierfabriek by Rosslyn

-30 Julie: Stap 'n mooi roete (1 km, 2 km of 5 km in die Botaniese Tuine. Waterpunte en medaljes vir die pretloop beskikbaar

-12 September: Besoek aan Gemstone naby Kyalami om uitstalling van half edelgesteentes te sien (en te koop)

## Kamp saam by Thaba Bonate

Kiepersol se viertrekgroep (4x4) kamp die naweek van 12 tot 14 April by Thaba Monate naby Bela Bela (Warmbad). Dié wildsplaas met mooi geriewe is maklik bereikbaar vir gewone woonwaens en sleepvoertuie. Kyk by www.thabamonate.co.za. Dis ongeveer 5 km anderkant Klein Kariba aan die linkerkant na minder as 2 km grondpad. Die GPS koördinate is:
S24°48.943
E28°19.811

**Bespreek by Willem Nordejé (082 887 1090)**

## *Lief en leed*



Daar was 140 mense by die mandjiedans en ongeveer R5000 is vir Kiepersol se kas ingesamel. Die bestuur is baie tevrede met die afloop van die funksie wat ook 'n lekker sosiale geleentheid was.

Johann en Petro van der Ende het 'n woonwa gekoop.

David van Biljon is uit die hospitaal en dit gaan baie beter met hom.

Martie van der Merwe het Donderdag 'n knievervangings-operasie ondergaan. Dit het goed afgeloop.

Magdanell Botha was in die hospitaal en sy het haar laaste kankerbehandeling in die reeks gehad.

Helmien van Biljon se ma is weer baie siek en in die intensiewe eenheid by Unitas-hospitaal.

Lucille Vorster se kinders gaan hospitaal toe vir mangels.

# Langs die krokodilrivier by Wagpos-, Lang- en Ouberg



*Henco Bothma en sy maatjie Keegan het lekker gespeel*



*Dewald van Biljon by Jannie van den Berg*



*Kerk onder die bome. Die erediens is saam met streek Bosveld gehou wat ook by Drie Berge gekamp het*



*Die afsluiting Sondag is soos gebruiklik na die erediens onder die skaduryke bome gehou*



*Martiens Joubert, Hannie Ferreira en Anna Henning hoor wat Jerome Henning sê*



*Nuwe lede Yolande en Rudi Louw, oud-Sawanante wat saam gekamp en aangesluit het*



***100** Algemene en **80** Streekkampe asook 'n bywoningplaatjie vir Jerome en Anna Henning*



*Frieda Burger is trots op haar plaatjie vir **275** Saamtrekke*



*Boetes: Alet Lemmer by verkeerde badkamer en Charlie King spat badwater uit die bad*



*Schalk en Marianne Nolte het al **100** Algemene en **80** Streek-saamtrekke bygewoon*



*MC en Marie de Swardt was die ontvangers van die aansporings-plaatjie vir **75** Algemene Saamtrekke*



*Kampkommandante Frank en Hettie Smith het alles glad laat verloop by Drie Berge*